

Skriflesing: Romeine 6:1-23

Heidelbergse Kategismus- **Sondag 16**

Teks: 1 Korinthiërs 15:3-4a

Sing- SAMESANG- Ps.24:1,3

TYDENS EREDIENS- Ps.48:4,5; Ps.89:3,5; Ps.45:1,3,15,16

Jesus het in die dood ingegaan, Hy het in die graf ingegaan, en wat dit alles omraam, sy hele lewe op aarde- die hel het na Hom toe gekom, maar Hy het ook na die hel toe gekom, dit nog aan die kruis, voor Hy dood was, ja beslis vóór Hy begrawe was! .

Broeder en suster, ons sou hierdie hoofgedagtes, die hoofsaake by Sondag 16 kon noem.

Dit moet vir ons duidelik wees- die dood staan in die middelpunt van Christus se verlossingswerk. Waar dit in hierdie deel van ons belydenis nog steeds handel om die dieptepunt van Christus se lyding, het ons hier te doen met die diepste diepte punte.

Moes dit werklik sover gaan?! Dit wat ons in Sondag 15 bely het rondom die kruis, daardie verskriklike lyding wat Christus moes deurgaen, was dit nie al genoeg nie?! Die kruis en die vloek van die kruis, was dit nie maar genoeg nie. Kon dit nie maar by die kruis eindig nie, want het Christus tog Self gesê, nog vóór Hy gesterf het- *Dit is volbring...*

Die dood, ja die dood aan die kruis, wys op die volle gehoorsaamheid aan nie net wat Christus volbring het nie, maar Hy het meer as alles volbring, Hy het aan alles moes voldoen. Die loon vir die sonde is die dood. En dan praat ons nie maar net van die liggaamlike dood nie, maar die geestelike dood, die ewige dood kan nie vergeet word nie. Die loon op die sonde is die dood in sy volle omvang, en daarom dat Christus liggaamlik dood was want het Hy ten volle moes betaal. Christus het Self nie mag terugdeins vir wat ons nog altyd beleef as iets waarvoor ons werklik bang is nl. die dood. By die dood vra mens so dikwels – WAAROM? Die Kategismus het hier in een afdeling drie keer die vraag WAAROM! Waarom die dood...waarom die graf...waarom die hel?

Die werklikheid van die dood beteken ontreddeing en verwoesting. Die dood het die skepping ingekom as 'n vreemde mag. Die Here se Woord praat ook oor die dood as daar gesê word die bande en die smarte van die dood. Daar kan nie anders oor gedink word nie. Die dood is wat die lewe nie is nie. Lewe in sy volle sin is iets van wat in samehang is, 'n simfonie...die samestelling van lewe is altyd iets van wat God die Lewe gewer

maak, maar die dood is juis waar die samestelling nie meer is nie, waar die ontbinding reeds is. Dit is die breek van bande, die losmaak van wat vasgemaak was. Die band tussen liggaam en siel, die band wat ons bind aan die mensheid rondom ons, die band wat ons bind aan God, alles bande wat God ons mee gebind het. Die dood maak dit alles los! Dit wat die mens probeer om ten alle koste nie te los nie, dit wat jy uit jou mensheid met alle mag en mening wil probeer vasmaak, die dood ruk dit los. Die dood stel ons voor die feit van sonde.

Ja geliefdes, ons moet dit nie wil ontken nie. As daar nie sonde was nie, dan was daar nie iets soos die dood nie. Sonde en dood staan aan mekaar gebind soos geregtigheid en waarheid nie van mekaar losgemaak kan word nie. Ons belydenis stel dit pertinent so- **Christus moes tot die dood verneder word ...weens die geregtigheid en die waarheid van God...**Die geregtigheid van God wat reeds by die paradys uitgespel was. God wat reg is, Hy wat sy reg opeis, want geregtigheid gaan ten diepste om God se trou, sy verbondstrou. God sal altyd getrou bly, ook getou aan sy Woord. Hierdie Woord is 'n beloftewoord.

Sou God aan sy Woord ontrou wees, dan breek God sy eie belofte. Daardie belofte was vir Adam in die paradys gegee- *Die dag as jy eet van die boom van kennis van goed en kwaad, sal jy sekerlik sterwe* (Gen.2:17). Ons ken die waarheid van wat gebeur het. Daar is geëet. God se verbondstrou, sy geregtigheid kan nie op die spel geplaas word nie. Die mens kan nie God op die spel plaas, God minder getrou aan sy Woord maak nie. Hy sal altyd getrou bly, dit wat sy geregtigheid waarlik is. Daarom het sy geregtigheid die mens in waarheid getref. Die oordeels-woord moes be-**waarheid** word. Geen mens kan daar verbykom dat die loon op die sonde is die dood. Daardie straf, daardie vonnis het ons verdien.

God se geregtigheid het eerstens gehoorsaamheid geëis. En waar daar geen gehoorsaamheid is nie, nou eis die geregtigheid van God die dood. Ons sonde het die dood noodsaaklik gemaak. Terselfdertyd maak die geregtigheid en die waarheid van God die dood van Christus noodsaaklik nadat Hy reeds gekruisig is. Die liefde van God maak

die dood van sy eie Seun moontlik. Christus se dood was nie maar 'n normale afloop van die lewe, 'n natuurverskynsel, 'n soort van iets wat maar noodwendig moes gebeur nie. Nee, broeder en suster, wanneer Christus sterwe is dit 'n oordeel, dit is 'n straf, dit is 'n vonnis wat voltrek word. Hy het deur alle poorte moes gaan waar ons moes deurgaen. Van sy ontvangenis, in sy geboorte tot by die dood.

Die krag van die dood van Christus staan in Paulus se brief aan die Romeine geweldig sterk. *Of weet julle dan nie dat ons almal wat in Christus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?* Die dood is waarlik die middelpunt van sy verlossingswerk! Elk van ons sakramente, die Doop en die Nagmaal, word juis aan die dood van Christus verbind. Deur ons doop word ons saam met Hom in sy dood begrawe. So sentraal is sy dood by ons doop. Die Nagmaal vier sy lyde maar ook sy sterwe. Brood wat gebreek word, wyn wat vergiet word. Dit staan alles sentraal, in die krag van sy dood.

Romeine 6 maar eintlik ook Romeine 8 stel dit bo alle twyfel dat wat vir ons onmoontlik was het deur sy dood nou moontlik geword. In Romeine 6 gaan dit sover dat Christus se dood 'n wonderlike vrug in ons lewe moet voortbring. Calvyn stel in sy kommentaar by Romeine hierdie wonderlike vooruitsig dat ons waarlik met die liggaam van Christus kan saamgroeï as Christus se dood in ons sy wonderlike vrug voortbring. By die noodsaak van Christus se dood is dit so omvangryk om te besef die geregtigheid en die waarheid van God gee ons in sy dood nie net die afwassing van die sonde nie, maar die afsterwe en uitwissing van die oue mens het nou in Christus se dood 'n moontlikheid geword. Sodra God jou in sy genade aangeneem het dan laat God ook onmiddellik die uitwerking van Christus se dood in jou na vore tree. Die gemeenskap met Christus het 'n geweldige ryk gevolg, want dan beteken dit ook om saam met Hom begrawe te word. Om saam met Hom die heerlikheid van die Vader te ken. Om saam met Hom te groeï.

As Christus nie sou sterf nie, as Hy nie waarlik tot die dood toe verneder was nie, dan was niks van hierdie dinge moontlik nie. Sy graf is daarom 'n genadegawe. In 1 Korinthiërs staan dit eintlik in een sin...*dat Christus vir ons gesterf het volgens die Skrifte en dat Hy begrawe is.* Dit is van kardinale belang (van wesentlike) belang om dit

bo alle twyfel heel duidelik te maak dat Christus werklik gesterf het. Pilatus het ook by die offisier van die wag uitgevind of die liggaam werklik dood is. Die soldate steek Hom nog met 'n spies in sy, sy, want het hulle geweet as daar gelyk bloed en water uitkom dan is so een dood. Dit was dan alleen ook op die feit van bloed en water dat Pilatus vir Josef van Arimathea toestemming gegee het om die liggaam te begrawe.

Christus se graf wys op sy volkome menslikheid, daardie stoflikheid in Hom was nie minder stof as ons stoflikheid nie. Die wêreld sou kon sien, hier word 'n Mens begrawe. Sy begrafnis was ook 'n daad. Christus se werk, sy Middelaarswerk word tot die einde toe deurgevoer. As Hy die graf ingaan dan is dit nog steeds God se reg, God se waarheid wat saam daardie graf ingaan. Die dreigende oordeel wat vir die eerste mens sou geld – *jy sal die dood sterwe ...en jy sal terugkeer tot die stof van die aarde waaruit jy geneem is, want stof is jy en tot stof sal jy terugkeer.* Die begrafnis van Christus is 'n indaal in sy graf. 'n Afdaal, 'n indaal in die grond, dit wat Christus alles doen, staan alles in verband met die stof wat ons is en die stof waarna ons sal terugkeer.

Sy werklike sterwe, sy volkome liggaamlike sterwe, was in alles in ons plek. Die volle werklikheid daarvan! Toe Hy sterf toe is dit vir God asof ons gesterwe het. Daarom terug by Romeine, ons mag lewe! Deur die doop word ons in sy dood begrawe. Die doop wat dan nie net wys op die afwassing van ons sondes nie, maar in die doop word ook die uitwissing en afsterwe van die oue mens voorgestel. Die uitwerking van Christus se dood tree onmiddellik na vore sodra ons in die genade van Christus aangeneem is. Christus het die straf nie net in ons lewe op Hom geneem nie, maar Hy het ook die straf uit ons graf op Hom geneem. Ons graf wat nou in Hom geheilig is. Daarom moet ons begrawe word (juis nie veras word nie!). Ons wil 'n geheiligde graf ingaan, soos wat ons deur ons doop 'n geheiligde lewe kon ingaan. Nou is dit nie net 'n geval van dat ons MOET sterwe nie, maar nou MAG ons sterwe.

Die graf word nou soos 'n akker, die liggaam word gesaai, en daarom is die graf nie meer 'n verbreking nie, maar 'n verbinding. Die graf breek nie met die verlede nie, maar die liggaam soos 'n saadkorrel gesaai dra die belofte van die opstanding die toekoms in. Om

iemand te begrawe is om jou roeping te vervul, daardie taak wat in die geloof gedoen word, van wie met trane saai, sal met gejubel maai. Watter ryke troos om op grond van Sondag 16 te weet- **ons dood is nie 'n betaling van die sonde nie, maar slegs 'n afsterwe van die sonde en 'n deurgang na die ewige lewe.** In Christus het ons dood nuwe betekenis kon kry net soos wat ons lewe nuwe betekenis in Hom verkry. Ons kan onself nou al as dankoffer aan Hom toewy, terwyl ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, want my oue mens, my oue natuur is begrawe. Dit is saam met Christus gekruisig, gedood en begrawe. Ons sondige gedagtes, dit moet aan die kruis geslaan word, ons sondige woorde, dit moet doodgemaak word voor dit oor ons lippe kom, ons sondige dae, dit moet so diep begrawe word, dat hulle nie weer in ons lewe kan opstaan nie. Dit vereis 'n selfoperasie, 'n pynlike selfoperasie, maar in die krag van Christus moet dit gedoen word. Ons moet nou dood wees, maar dit is 'n positiewe dood. Ons moet dood wees vir die sonde. Die genadegawe van die nuwe lewe is dat die sondige begeertes nie meer oor ons heers nie. Dit val ons lewe nog in, soos terroriste die lewe vir 'n mens kan moeilik maak, maar die verskil kom deurdat dit nie meer oor ons heers nie. Daardie positiewe verandering kan nou reeds plaasvind dat ons, ons as lewende dankoffers aan God moet kan toewy.

Dit is wat Christus se gaan in die dood en sy gaan in die graf alles beteken, en tog het die Kategismus hier 'n laaste vraag wat eintlik in baie opsigte 'n eerste vraag moes wees. Christus wat ook na die hel neergedaal het. Hierdie woorde was die eerste driehonderd jaar van die Christelike kerk nie deel van die belydenis nie. Dit is deur die dwaling van 'n sekere Apollinarus dat die kerk gedwing was om ook hierdie deel in te las en dit só te bely. Apollinarus se dwaling was dat Christus volgens hom nie 'n menslike siel gehad het nie maar dat die Godheid by Hom die plek ingeneem het van die menslike.

Dadelik moet ons hier waarsku teen 'n dwaling wat ons tog nie met ons moet saamdra nie. Dit is nie so dat Christus se siel in die hel was toe sy liggaam in die graf was nie. Volgens hierdie dwaling sou Christus ná sy liggaamlike dood na die hel neergedaal het om die gelowige vaders van die Ou Testament m.a.w. hulle wat deel is van die ou verbond uit die vesting van die hel te verlos. Ons moet V/A 44 bely as eintlik die deel

wat nog voor die liggaamlike dood van Christus gebeur het. Dit is nie 'n kronologiese orde nie, maar die Kategismus stel dit baie duidelik dat Christus die helse smarte veral aan die kruis gely het. Dit volg nie op sy dood en begrafnis nie, maar dit gaan dit heeltemal vooraf. Hoekom dit hier laaste staan is om die dieptepunt van sy lyding te beklemtoon, van dit wat vir hom die diepste diepte punte was, en dit wat die diepste dieptepunt was, was wat al aan die kruis gebeur het, nog vóór Christus liggaamlik dood was. Daardie helse smarte het Hy gely tydens die drie ure wat Hy aan die kruis van God verlate was soos Hy dit in sy vierde kruiswoord ook duidelik te kenne gee.

Vir 'n ongelowige is die tyd na sy dood 'n hellevaart. Daarin sit hellesmart. Luther en die Roomse kerk dwaal deur te wil leer dat nadat Christus gesterf het, Hy eers in die hel was. Nee, Hy het al aan die kruis dit duidelik gemaak dat Hy gee sy gees in die hande van sy hemelse Vader- en vir die moordenaar saam met Hom gekruisig sou Hy dieselfde dag saam met Hom in die paradys kon wees. Daarom wanneer ons bely dat Hy die lyding van die hel ondergaan het, dat Hy na die hel neergedaal het, dan is dit die hel wat aan die kruis na Hom toe gekom het, maar Hy het ook die hel nie net passief ingegaan toe God Hom verlaat het nie, maar aktief was sy hele lewe op aarde, ja sy hele lewe van sy geboorte tot sy sterwe was 'n gestadigde neerdaling in die hel waarin die werklike volle hel om Hom was toe God Hom verlaat het.

Dit gaan dus in hierdie belydenis nie vir 'n enkele oomblik om die hel as 'n spesifieke plek nie, Christus was nooit by 'n plek wat hel genoem word nie, maar dit gaan om daardie angs, en smarte en verskrikking van die hel wat Hy aan die kruis deurgegaan het. Op aarde het Christus letterlik sy lewe hel gehad, maar die afgaan wat Ef. 4:9 van praat is waar ons die volle hel moet begryp- Daar staan in Efesiërs – *Maar dit: Hy het opgevaar- wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het na die onderste dele van die aarde?* Hierdie laer dele waarna Hy neergedaal het is die aardse dele, en dit het alles daarmee te make dat as ons belydenis Christus se aardse lewe ten volle saamvat, van krip tot kruis, het Hy voortdurend onder die straf van God verkeer en wat is dit anders as hel. Hy sou ons nie die hoogste gawes, die hemelse gawes, dit wat Ef.4:11 van praat kon gee,

as Hy nie eers Self die onderste dele van die lewe, die aardse lewe, in sy geval, die helse lewe moes leef, om die hemelse te verdien nie.

Die troos selfs in dit wat sy volle lewe, sy volle lyding op aarde was, dit wat selfs hel genoem word, toe Hy nog by ons was, dit laat my besef dat niemand maar niemand op aarde wat kind van God is mag sê dat my lewe is vir my hel. Daar mag in die kind van die Here se lewe nie so 'n gedagte wees nie. Daardie gedagte moet gekruisig, gedood en begrawe word want in alles wat vir jou baie swaar mag wees het dit niks met die hel te doen nie. Die troos van Christus wat ook hierin ons in alles voorgegaan het is dat **ek in my swaarste aanvegtinge seker kan wees en myself kan vertroos dat my Here Jesus Christus deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwellung waarin Hy sy ganse lyde, maar veral aan die kruis versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het.**

Dit waarin Christus se hele lewe in neergedaal het, toe Hy na ons afgedaal het, toe Hy Mens geword het, dit alles mag ons verseker dat Hy vir ons wat almal wat in onself eintlik helwaardig is, soos daardie moordenaar saam met Hom gekruisig, kan Hy die paradys oopmaak. Die hel kon Hom nie vashou nie, Hy het ook die hel oorwin, toe dit 'n geval was van Hy het klaar nou alles oorwin. Dit wat volbring moes word, was ook die lyding van die hel wat Hy volbring het. Ons het werklik rede om op te staan en nie met ons lewe af te gaan nie.

AMEN

Vrae uit Sondag 16

1. Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Homself tot in die dood moes verneder?
2. Hoeveel keer is die vraag WAAROM in Sondag 16 aan die orde?
3. Wat is die loon op die sonde?
4. Is dit natuurlik om te moet doodgaan of is die dood eintlik iets vreemd wat ons lewe ingekom het?
5. Wat word bedoel met die geregtigheid en die waarheid van God waaraan Christus moes voldoen?
6. Kan God se geregtigheid en waarheid van mekaar geskei word?
7. Beskryf die krag van Christus se dood soos wat Paulus dit in sy brief aan die Romeine beskryf?
8. Sou dit reg wees om die graf van Christus as 'n genadegawe te beskryf?
9. Watter versekering kry ons uit die *begrafnis* van Jesus?

10. Hoe word ons dood in Sondag 16 (V/A 42) beskryf?
11. Wat moet ons met ons sondige gedagtes, woorde en dade doen?
12. Wanneer het Christus helse smarte gely?
13. Wat word in Ef.4:9 bedoel as daar staan dat Christus na die onderste dele van die aarde neergedaal het?
14. Was Christus nadat Hy gesterwe het op enige stadium in die hel gewees?
15. Mag 'n kind van die Here ooit dink dat sy/haar lewe hel is?



